



HUMANITAS  
RGN-BSRC

RGN-BIBLIOTEEK  
HSRC LIBRARY

WISKAPLIKE NAVORSING

VERVALDATUM / DATE DUE

31 JAN 1986	1986 -01- 0 6
30 SEP 1982	
1982 -10- 30	
1986 JAN 1 8	
1983 -04- 2 9	
1983 -07- 2 9	
1984 -01- 2 1	
1984 -05- 3 0	
1984 -10- 3 1	
1985 -05- 3 0	
1985 -06- 2 9	
1985	

TOLUISTERPATRONE EN  
RIKAANSSPREKENDE

de Villiers, M.A.  
radie, M.Sc., Ph.D.  
P. van Vuuren, M.A.



182572185F

INSTITUUT VIR KENNUNIKASIE NAVORSING

DIREKTEUR: Dr. P.C.J. Jordaan

PRETORIA

1978

NAVORSINGSBEVINDINGNOMMER: KOMM-16

ISBN 0 86965 542 6

0000742361



PHYS: R1,00

001.3072068 HSRC KOMM N 16



\* 0 7 4 2 3 6 \*

## ERKENNING

Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding vervat is, is verkry van projek KOMM 11 wat daargestel is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skoolgaande jeug is.

Hierdie data is verkry van skole in al vier provinsies en derhalwe word dank aan die volgende persone en instansies oorgedra:

Die Komitee van Onderwys hoofde wat aanvanklik toestemming gegee het dat die projek geloods mag word;

die hoofde van skole en hulle personeel wat as toetsafnemers opgetree het; die skoolsielkundiges van die Skoolsielkundige en Spesiale Dienste van die verskillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van die toetsafnemers;

die leerlinge wat as respondente opgetree het.

Die volgende persone dien tans in die ad hoc-komitee insake projek KOMM 11:

Dr. J.D. Venter (Voorsitter)	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Prof. T.L. de Koning	Randse Afrikaanse Universiteit
Dr. I.Z. Engelbrecht	Departement van Nasionale Opvoeding
Prof. D. Joubert	Universiteit van Stellenbosch
Mnr. P.W. Mans	Natalse Onderwysdepartement
Prof. N.J. Mentz	Transvaalse Onderwysdepartement
Mnr. B. Olivier	Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop
Mnr. D.J.L. Pretorius	SAUK
Prof. C. Rip	Universiteit van Suid-Afrika
Mnr. F. Swanepoel	OVS-Onderwysdepartement
Mnr. G. Yssel	SAUK
Dr. D.P. Conradie	Instituut vir Kommunikasienavorsing
Dr. P.C.J. Jordaan	Instituut vir Kommunikasienavorsing
Dr. C.R. Liebenberg	Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
Mev. E.M. Madge	Instituut vir Psigometriese Navorsing
Dr. W.L. Roos	Instituut vir Mannekragnavorsing
Mnr. A.R. van den Berg	Instituut vir Psigometriese Navorsing

Die statistiese verwerkings vir die ondersoek is gedoen deur die RGN se Instituut vir Statistiese Navorsing, en die redaksionele werk deur die Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste.

<b>RGN BIBLIOTEEK HSRC</b> <b>LIBRARY</b>		
1979 -02-28		
STANDKODE	REGISTERNOMMER	
001.3072068 H.S.R.C.	KOMIN N 16	
BESTELNOMMER	041528	b
G		

## INHOUDSOPGAWE

BLADSY

1.	INLEIDING	1
2.	DOEL	2
3.	METODE VAN ONDERSOEK	2
3.1	STEEKPROEF	2
3.2	DIE MEETINSTRUMENTE	3
3.3	DIE EKSPERIMENTELE ONTWERP	3
4.	BEVINDINGS	8
4.1	INLEIDING	8
4.2	DIE MATE WAARIN DAAR NA SEKERE RADIOPROGRAMME GELUISTER WORD	9
4.3	DIE MATE WAARIN DAAR NA SEKERE RADIODIENSTE GELUISTER WORD	14
4.4	DIE TYE EN DAE WAAROP DAAR NA DIE RADIO GELUISTER WORD	17
4.5	DIE AANTAL URE WAT VAN MAANDAE TOT DONDERDAE GEDURENDE SKOOLKWARTALE AAN RADIOLUISTER AFGESTAAN WORD	25
4.6	SAAM MET WIE NA DIE RADIO GELUISTER WORD	25
4.7	MUSIEKVOORKEURE	25
5.	SAMEVATTING EN SLOT	33
6.	SYNOPSIS AND CONCLUSION	35
	BIBLIOGRAFIE	37

TABELLE

BLADSY

1	DUI AAN HOE DIKWELS JY NA DIE VOLGENDE PROGRAMME LUISTER (SEUNS)	10
2	DUI AAN HOE DIKWELS JY NA DIE VOLGENDE PROGRAMME LUISTER (MEISIES)	12
3	DUI AAN NA WATTER RADIODIENSTE JY LUISTER (SEUNS)	15
4	DUI AAN NA WATTER RADIODIENSTE JY LUISTER (MEISIES)	16
5	DUI AAN WATTER TYE JY GEWOONLIK NA DIE RADIO LUISTER (MAANDAE TOT VRYDAE) (SEUNS)	18
6	DUI AAN WATTER TYE JY GEWOONLIK NA DIE RADIO LUISTER (MAANDAE TOT VRYDAE) (MEISIES)	19
7	DUI AAN WATTER TYE JY GEWOONLIK NA DIE RADIO LUISTER (SATERDAE) (SEUNS)	20
8	DUI AAN WATTER TYE JY GEWOONLIK NA DIE RADIO LUISTER (SATERDAE) (MEISIES)	21
9	DUI AAN WATTER TYE JY GEWOONLIK NA DIE RADIO LUISTER (SONDAE) (SEUNS)	22
10	DUI AAN WATTER TYE JY GEWOONLIK NA DIE RADIO LUISTER (SONDAE) (MEISIES)	23
11	HOEVEEL UUR PER DAG LUISTER JY GEWOONLIK NA DIE RADIO? (MAANDAG TOT DONDERDAG, GEDURENDE SKOOLKWARTALE) (SEUNS)	24
12	HOEVEEL UUR PER DAG LUISTER JY GEWOONLIK NA DIE RADIO? (MAANDAG TOT DONDERDAG, GEDURENDE SKOOLKWARTALE) (MEISIES)	26
13	HOE DIKWELS LUISTER JY SAAM MET DIE VOLGENDE MENSE NA DIE RADIO? (SEUNS)	27
14	HOE DIKWELS LUISTER JY SAAM MET DIE VOLGENDE MENSE NA DIE RADIO? (MEISIES)	28

TABELLE (vervolg)

BLADSY

- |    |   |    |
|----|---|----|
| 15 | DUI AAN IN WATTER MATE JY VAN DIE VOLGENDE SOORTE MUSIEK<br>HOU (SEUNS)   | 29 |
| 16 | DUI AAN IN WATTER MATE JY VAN DIE VOLGENDE SOORTE MUSIEK<br>HOU (MEISIES) | 31 |

## 1. INLEIDING

Die gegewens wat in hierdie navorsingsbevinding aangebied word, vorm 'n onderdeel van 'n omvattende projek wat deur die Instituut vir Kommunikasie-navorsing onderneem word om die invloed van televisie op die skoolgaande jeug te bepaal. Die omvattende ondersoek spruit voort uit die aanbevelings van die Kommissie van Onderzoek insake Aangeleenthede betreffende Televisie en van die Tegniiese Advieskomitee van die SAUK, naamlik dat navorsing onderneem word na die sosio-kulturele struktuur van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en die invloed wat televisie daarop kan hê.

Die projek strek oor 'n termyn van agt jaar, naamlik van 1974 tot 1981 en word uitgevoer op leerlinge van standerd 3 tot standerd 10. Van die standerd 3- en standerd 6-leerlinge wat by die eerste opname (1974) ingesluit was, word jaarliks opgevolg tot hulle standerd 10 bereik het. Hiernaas is vir kontroledoelindes 'n aantal leerlinge van standerd 3 tot standerd 10 in 1974, 1975 en 1977 in die ondersoek betrek.

Die gegewens word deur middel van vraelyste en gestandaardiseerde toetse ingewin en 'n verskeidenheid aspekte soos persoonlikheid, verhoudings (persoonlik, sosiaal, huislik en formeel), studiegewoontes en -houdings, sosiale gedrag, waarde-oriëntasies en tydbenutting, word bestudeer. Weens die omvang van die gegewens wat ten opsigte van elk van hierdie aspekte ingewin is, word daar vir die doeleindes van hierdie navorsingsbevinding slegs op radio- en musiekvoorkeure (tydbenutting) van die skoolgaande jeug gekonsentreer.

Uit buitelandse navorsing blyk dat daar met die instelling van televisie in die algemeen 'n beduidende afname ingetree het in die tyd wat aan radioluister afgestaan word (Besco, 1952; Coffin, 1948; Furu, 1962, en Maccoby, 1951) en dat die luistersyfers van sekere soorte programme in die besonder geraak is (Gonzalez 1967; Himmelweit, Oppenheim en Vince, 1958; Ohara, 1953 en Schramm, Lyle en Parker, 1961).

Hierdie bevindings kan egter nie sondermeer op Suid-Afrikaanse toestande van toepassing gemaak word nie. Suid-Afrika verskil nie net kultureel van die buiteland nie, maar sy televisie- en radiodiens dra ook 'n eiesoortige karakter. Met die instelling van 'n televisiediens gedurende Januarie 1976 in Suid-Afrika, het dit moontlik geword om ook hierdie aspekte ter plaatse te ondersoek.

## 2. DOEL

- 2.1 Die doel met hierdie ondersoek is om die moontlike korttermyninvloed\* van televisie op die volgende aspekte van die radioluisterpatrone van standaard agt Afrikaanssprekende dagskoliere, vanuit skole in nie-stedelike gebiede, te ondersoek:
- a) Die mate waarin daar na sekere radioprogramme en -dienste geluister word (dit wil sê of daar "baie", "af en toe/nooit" geluister word);
  - b) die tye en dae van die week waarop daar na die radio geluister word;
  - c) die gereeldheid waarmee daar alleen, saam met vriende en saam met gesinslede na die radio geluister word (met ander woorde of daar die "meeste van die tyd" of slegs "af en toe/nooit" so geluister word);
  - d) die tyd wat per dag aan radioluister afgestaan word.
- 2.2 Daar sal ook gelet word op die korttermyninvloed\* van televisie op dieselfde leerlinge se musiekvoorkeure (dit wil sê of hulle "baie" daarvan hou of "nie juis nie/glad nie" daarvan hou nie).

## 3. METODE VAN ONDERSOEK

### 3.1 STEEKPROEF

Die gegewens wat in hierdie navorsingsbevinding gebruik word, is gedurende 1974 en 1976 ingesamel tydens die omvattende ondersoek wat in provinsiale skole van die vier provinsies in die RSA onderneem is. 'n Steekproef van 4 491 standaard 6-leerlinge wat ten opsigte van die volgende veranderlikes gestratifiseer is, is in 1974, dit wil sê voor die instelling van televisie, getrek: Geslag; taal van onderrig; stedelik en nie-stedelike ligging van die skole wat deur die leerlinge bygewoon is, asook die provinsie waarin die skole geleë is. 'n Groot aantal van hierdie kinders is weer in 1976, dus na die instelling van televisie, in 'n opvolgstudie betrek.

Vir doeleindes van hierdie ondersoek is daar uit hierdie breë steekproef 'n seleksie gemaak van Afrikaanssprekende (huistaal en medium van onderrig) dag-

---

\*Korttermyninvloed verwys in hierdie navorsingsbevinding na die invloed van televisie gedurende die eerste jaar van uitsending.



skoliere wat in nie-stedelike gebiede skoolgaan. Dié leerlinge is verder verdeel in 'n groep wat in daardie stadium (1976) reeds televisie gekyk het (die eksperimentele groep) en een wat toe nog nie televisie gekyk het nie (die kontrolegroep). Die rede waarom bogenoemde seleksie gemaak is, is om die eksperimentele en kontrolegroepe gelyk te stel ten opsigte van veranderlikes wat moontlik 'n rol kan speel by radioluister en musiekvoorkeure. (Die volgende navorsers het bevind dat hierdie veranderlikes verband hou met radioluisterpatrone van kinders en jongmense: Pieterse, 1967; Hileman, 1953 en Landman, 1972 (geslag); Pieterse, 1967 (huistaal); en Van Aswegen, 1974 (huisvesting) en Hileman, 1953 (omgewing)).

By die eksperimentele groep is slegs dié leerlinge ingesluit wat tuis oor televisiestelle beskik het en wat gedurende weksdae en/of oor naweke televisie gekyk het. Respondente wat nie tuis oor 'n televisiestel beskik het nie, maar wat elders gekyk het (kulerkykers), is nie hierby of by die kontrolegroep ingesluit nie. Die kontrolegroep bestaan dus uit respondente wat nie tuis oor televisiestelle beskik het nie en ook nie elders televisie gekyk het nie. Die eksperimentele en kontrolegroepe bestaan onderskeidelik uit 157 en 71 seuns en 146 en 105 dogters.

### 3.2 DIE MEETINSTRUMENTE

Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding gebruik is, is verkry uit die gegewens wat tydens die reeds genoemde omvattende ondersoek met die tydbenutting-, biografiese- en televisievraelyste ingewin is. Slegs die vrae wat op musiekvoorkeure en radioluisterpatrone betrekking het, is benut.

### 3.3 DIE EKSPERIMENTELE ONTWERP\*


Soos blyk uit die voorafgaande beskrywing word daar in hierdie ondersoek gebruik gemaak van 'n toets-hertoets ontwerp met een kontrolegroep. Dit word skematies in figuur 1 uitgebeeld.

---

\*Prof. D.J. Stoker van die Universiteit van Pretoria is aanvanklik in die beplanningstadium van die projek geraadpleeg en sy wenke in verband met statistiese metodes is in die ontwerp geïnkorporeer.

## FIGUUR 1

### EKSPERIMENTELE ONTWERP: TOETS-HERTOETS MET KONTROLE



Instelling van televisie



Ten opsigte van die antwoorde op elke vraag is 'n reeks vergelykings getref tussen die groepe wat in figuur 1 aangedui is. Aangesien die antwoorde slegs in frekwensievorm beskikbaar is, is die chi-kwadraat - statistiese toets ( $\chi^2$ ) (vergelyk Siegel, 1965) onder andere vir hierdie vergelykings gebruik. Slegs verskille of assosiasies wat met 'n oorskrydingswaarskynlikheid van 0,05 of kleiner gepaard gaan, is as betekenisvol beskou. Die volgende vergelykings is getref:

- (a) A<sub>1</sub> met B<sub>1</sub> (deur middel van  $\chi^2$ )

Indien die antwoorde van A<sub>1</sub> op 'n bepaalde vraag betekenisvol verskil het van dié van B<sub>1</sub>, is geen verdere verwerkings gedoen nie, aangesien die twee groepe voor die instelling van televisie nie vergelykbaar was ten opsigte van daardie aspek van radioluister of musiekvoorkeur nie.

- (b) B<sub>1</sub> met B<sub>2</sub> (deur middel van direkte vergelyking van frekwensies)

Aangesien twee jaar verloop het tussen die 1974- en 1976-opnames, is dit nodig om voorsiening te maak vir veranderings in die antwoorde van die leerlinge in die eksperimentele groep wat aan ander faktore as die invloed van televisie (byvoorbeeld rypingseffek) toegeskryf kan word. Dit is gedoen deur by die kontrolegroep na te gaan hoe die getal leerlinge wat een van die twee antwoordkategorieë by elke vraag gemerk het, van B<sub>1</sub> tot B<sub>2</sub> verander het. Elke verskil is dan uitgedruk as 'n breuk van die totale

getal respondente in die kontrolegroep. 'n Proporsionele aanpassing in die getal leerlinge in die eksperimentele groep wat daardie antwoordmoontlikheid gemerk het, is dan telkens gemaak.

(c) A<sub>1</sub> met aangepaste A<sub>2</sub> (deur middel van  $\chi^2$ )

Nadat bogenoemde aanpassing aangebring is ten opsigte van die getal leerlinge wat by A<sub>2</sub> in figuur 1 elk van die twee antwoordmoontlikhede gemerk het, is 'n vergelyking getref tussen hierdie aangepaste getal en dié by A<sub>1</sub>. 'n Betekenisvolle verskil dui op 'n moontlike effek van televisie.

Stappe (a) tot (c) word deur middel van die volgende twee voorbeelde in figure 2 en 3 geïllustreer. (Die  $\chi^2$ -waardes wat op die 0,001-peil betekenisvol is, word met 'n \*\*\*, dié wat op die 0,01-peil betekenisvol is met 'n \*\* en die waardes wat op die 0,05-peil betekenisvol is met 'n \* in die tabelle aangedui.)

FIGUUR 2

EERSTE VOORBEELD OM ONTWERP TE ILLUSTRER: RESPONSE OP DIE VRAAG: "HOU JY VAN BERGKLIM?"

Eksperimentele groep:

		A <sub>1</sub>
Voor instelling van televisie	Ja	400
	Nee	<u>100</u>
	TOTAAL	500

Kontrolegroep:

		B <sub>1</sub>
Voor instelling van televisie	Ja	435
	Nee	<u>115</u>
	TOTAAL	550

Instelling van televisie

---

		A <sub>2</sub>
Na instelling van televisie	Ja	351
	Nee	<u>149</u>
	TOTAAL	500

		B <sub>2</sub>
Na instelling van televisie	Ja	460
	Nee	<u>90</u>
	TOTAAL	550

(a) A<sub>1</sub> met B<sub>1</sub>

$$\chi^2 = 0,083 \quad \text{g.v.} = 1$$

Verdere vergelykings kan dus in hierdie geval gedoen word.

(b) B<sub>1</sub> met B<sub>2</sub> ("ja" response)

$$B_2 \text{ (ja)} - B_1 \text{ (ja)} = 460 - 435 = 25$$

Laasgenoemde verskil in  $\frac{25}{550}$   
verhouding tot totaal:

Aanpassing wat by A<sub>2</sub> aangebring moet word

$$\frac{25}{550} \times 500 = 23$$

(c) A<sub>1</sub> met aangepaste A<sub>2</sub>

'n Chi-kwadraat word ten opsigte van die volgende tabel uitgewerk:

	A <sub>1</sub>	A <sub>2</sub> (aangepas)
Ja	400	(351 - 23) = 328
Nee	100	(149 + 23) = 172
TOTAAL	500	500

$$\chi^2\text{-waarde: } 25,458^{***} \quad \text{g.v.} = 1$$

In hierdie geval het televisie moontlik 'n nadelige uitwerking op die respondente se voorkeur vir bergklim gehad.

FIGUUR 3

TWEEDE VOORBEELD OM ONTWERP TE ILLUSTREREN: RESPONSE OP DIE VRAAG: "HOU JY VAN FIETSRY?"

Eksperimentele groep:

Voor instelling  
van televisie

A <sub>1</sub>	
Ja	50
Nee	<u>94</u>
TOTAAL	144

Kontrolegroep:

B <sub>1</sub>	
Ja	31
Nee	<u>71</u>
TOTAAL	102

Instelling van televisie

---

Na instelling  
van televisie

A <sub>2</sub>	
Ja	61
Nee	<u>83</u>
TOTAAL	144

B <sub>2</sub>	
Ja	<u>57</u>
Nee	<u>45</u>
TOTAAL	102

(a) A<sub>1</sub> met B<sub>1</sub>

$$\chi^2 = 0,33 \quad gv = 1$$

Verdere vergelykings kan in hierdie geval gedoen word.

(b) B<sub>1</sub> met B<sub>2</sub> ("ja" response)

$$B_2 \text{ (ja)} - B_1 \text{ (ja)} = 57 - 31 = 26$$

Laasgenoemde verskil in  
verhouding tot totaal:  $\frac{26}{102}$

Aanpassing wat by A<sub>2</sub> aangebring moet word

$$\frac{26}{102} \times 144 = 37$$

(c) A<sub>1</sub> met aangepaste A<sub>2</sub>

'n Chi-kwadraat word ten opsigte van die volgende tabel uitgewerk:

A <sub>1</sub>		A <sub>2</sub> (aangepas)
Ja	50	(61 - 37) = 24
Nee	94	(83 + 37) = 120
TOTAAL	144	144

$\chi^2$ -waarde: 11,6769\*\*\*    gv = 1

Soos in die vorige voorbeeld, het televisie in hierdie geval ook waarskynlik 'n remmende invloed op die voorkeure ten opsigte van die betrokke aktiwiteit gehad. In laasgenoemde geval is televisie se invloed egter moeiliker om te interpreteer, want uit die onaangepaste syfers 'in figuur 3 blyk dat daar 'n toename (naamlik 11) in die eksperimentele groep se "ja" antwoorde was. Die remmende invloed van televisie kan egter hier só geïnterpreteer word dat daar in die afwesigheid van televisie 'n nog groter toename in die "ja" response verwag sou kon word, maar dat hierdie toename deur televisie deels teruggehou of teëgewerk is.

Die bogenoemde ontwerp sal dwarsdeur hierdie studie gebruik word om die moontlike uitwerking van televisie ten opsigte van elkeen van die betrokke veranderlikes te ondersoek.

#### 4. BEVINDINGS

##### 4.1 INLEIDING

Soos in paragraaf 3.3 vermeld, kon geen afleidings of berekenings in verband met die invloed van televisie gemaak word in gevalle waar daar reeds voor die instelling van televisie statisties betekenisvolle verskille tussen die response van die eksperimentele en kontrolegroepe voorgekóm het nie. Ten opsigte van die volgende vrae oor musiekvoorkeure en radioluisterpatrone het daar òf verskille van hierdie aard voorgekóm òf was die getalle in die selle te klein om verdere statistiese berekenings te kon doen:

Dui aan hoe dikwels jy na die volgende programme luister?

Landbouprogramme (meisies)

Letterkundige programme (seuns)

Programaankondigings (seuns)

Dui aan na watter radiodienste jy luister.

Engels (seuns)

Radio Port Natal (seuns en meisies)

Radio Swazi (seuns)

Radio Hoëveld (seuns en meisies)

Hoe dikwels luister jy saam met die volgende mense na die radio?

Saam met vriende (seuns)

Dui aan in watter mate jy van die volgende soorte musiek hou.

"Pop", "twist", "soul", "underground" (seuns)

"Cowboy"-liedjies (meisies)

Ligte musiek, instrumentaal (meisies)

"Sing along"-tipe (meisies)

Ligte klassieke musiek (meisies)

Ligte musiek, Afrikaans, vokaal (meisies)

Bogenoemde veranderlikes word nie in die tabelle wat hierop volg, weergegee nie. By al die ander vrae kan daar wel verdere statistiese verwerkings gedoen word en word die resultate in tabelle 1-16 aangetoon.

#### 4.2 DIE MATE WAARIN DAAR NA SEKERE RADIOPROGRAMME GELUISTER WORD

In tabelle 1 en 2 word die response van die seuns en meisies op die volgende item ontleed: "Dui aan hoe dikwels jy na die volgende programme luister." Ten opsigte van alle programme word die antwoorde van die respondente in ooreenstemming met die doel soos in paragraaf 2.1 (a) uiteengesit, verdeel in die kategorieë "luister baie" teenoor "luister af en toe/nooit."

Uit tabel 1 is daar sterk aanduidings dat televisie wel 'n uitwerking gehad het op die mate waarin seuns na sommige radioprogramme geluister het. Die luisterpatrone van die volgende programsoorte is geraak: godsdienstige

TABEL 1

DUI AAN HOE DIKWELS JY NA DIE VOLGENDE PROGRAMME LUISTER (SEUNS)

Programsoorte en response	Getal seuns										Chi-Kwadrat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep				Eksperimentele groep						Eksperimentele groep 1974 teenoor Kontrole- groep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teenoor Eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
N	%	N	%	N	%	N	%	N	%			
<u>Landbouprogramme</u>												
Luister baie	7	10	3	4	9	6	6	4	15	10		
Luister af en toe/Nooit	64	90	66	96	142	94	149	96	140	90	0,592	0,993
TOTAAL	71	100	69	100	151	100	155	100	155	100		
<u>Godsdienstige programme</u>												
Luister baie	33	46	29	41	79	51	36	23	44	28		
Luister af en toe/Nooit	38	54	41	59	75	49	121	77	113	72	0,279	16,653***
TOTAAL	71	100	70	100	154	100	157	100	157	100		
<u>Musiek</u>												
Luister baie	49	70	52	73	104	68	108	69	103	66		
Luister af en toe/Nooit	21	30	19	27	50	32	48	31	53	34	0,045	0,026
TOTAAL	70	100	71	100	154	100	156	100	156	100		
<u>Nuus</u>												
Luister baie	44	62	52	73	93	61	80	52	63	41		
Luister af en toe/Nooit	27	38	19	27	59	39	75	48	92	59	0,001	12,144***
TOTAAL	71	100	71	100	152	100	155	100	155	100		
<u>Kinderprogramme</u>												
Luister baie	23	33	4	6	41	27	7	4	49	31		
Luister af en toe/Nooit	47	67	67	94	112	73	149	96	107	69	0,591	0,588
TOTAAL	70	100	71	100	153	100	156	100	156	100		
<u>Jeugprogramme</u>												
Luister baie	40	56	20	28	96	63	31	20	75	48		
Luister af en toe/Nooit	31	44	51	72	57	37	126	80	82	52	0,588	6,433*
TOTAAL	71	100	71	100	153	100	157	100	157	100		
<u>Boekvoorlesings</u>												
Luister baie	10	14	4	6	18	12	3	2	16	10		
Luister af en toe/Nooit	61	86	66	94	134	88	152	98	139	90	0,0655	0,059
TOTAAL	71	100	70	100	152	100	155	100	155	100		
<u>Noodberigte</u>												
Luister baie	19	27	13	18	33	22	21	13	34	22		
Luister af en toe/Nooit	52	73	58	82	119	78	136	87	123	78	0,437	0,016
TOTAAL	71	100	71	100	152	100	157	100	157	100		



TABEL 1 (vervolg)

Programsoorte en response	Getal seuns										Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep				Eksperimentele groep						Eksperimentele groep 1974 teenoor Kontrole- groep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teenoor Eksperimentele groep 1974
	1974.		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
<u>Sportprogramme</u>												
Luister baie	44	62	42	59	110	72	101	64	105	67	1,986	0,855
Luister af en toe/Nooit	27	38	29	41	42	28	56	36	52	33		
TOTAAL	71	100	71	100	152	100	157	100	157	100		
<u>Verhale en vervolghale</u>												
Luister baie	52	73	47	66	114	74	71	45	82	52	0,002	14,928***
Luister af en toe/Nooit	19	27	24	34	40	26	86	55	75	48		
TOTAAL	71	100	71	100	154	100	157	100	157	100		
<u>Vermaaklikheidsprogramme</u>												
Luister baie	29	41	24	34	75	50	47	30	59	38	0,994	3,911*
Luister af en toe/Nooit	41	59	47	66	76	50	109	70	97	62		
TOTAAL	70	100	71	100	151	100	156	100	156	100		
<u>Vasvraprogramme</u>												
Luister baie	36	51	27	38	76	49	39	25	59	38	0,002	3,735
Luister af en toe/Nooit	35	49	44	62	78	51	117	75	97	62		
TOTAAL	71	100	71	100	154	100	156	100	156	100		
<u>Wedstrydprogramme</u>												
Luister baie	31	44	23	32	79	52	40	26	58	37	1,122	6,517*
Luister af en toe/Nooit	40	56	48	68	72	48	116	74	98	63		
TOTAAL	71	100	71	100	151	100	156	100	156	100		
<u>Skooluitsendings</u>												
Luister baie	7	10	5	7	23	15	9	6	13	8	0,718	2,682
Luister af en toe/Nooit	64	90	66	93	130	85	146	94	142	92		
TOTAAL	71	100	71	100	153	100	155	100	155	100		
<u>Verseboekprogramme</u>												
Luister baie	35	49	42	59	90	59	103	66	88	56	1,420	0,143
Luister af en toe/Nooit	36	51	29	41	63	41	54	34	69	44		
TOTAAL	71	100	71	100	153	100	157	100	157	100		

TABEL 2

## DUI AAN HOE DIKWELS JY NA DIE VOLGENDE PROGRAMME LUISTER (MEISIES)

Radioprogramsoorte en response	Getal meisies										Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep				Eksperimentele groep						Eksperimentele groep 1974 teenoor Kontrole- groep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teenoor Eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
<u>Gedisdienstige programme</u>												
Luister baie	56	54	50	48	96	66	47	32	57	39	3,076	20,457***
Luister af en toe/Nooit	47	46	55	52	49	34	99	68	89	61		
TOTAAL	103	100	105	100	145	100	146	100	146	100		
<u>Musiek</u>												
Luister baie	76	73	92	88	120	83	131	90	110	76	3,239	2,044
Luister af en toe/Nooit	28	27	13	12	24	17	14	10	35	24		
TOTAAL	104	100	105	100	144	100	145	100	145	100		
<u>Nuus</u>												
Luister baie	48	46	59	56	65	45	58	41	44	31	0,001	5,694*
Luister af en toe/Nooit	56	54	46	44	79	55	85	59	99	69		
TOTAAL	104	100	105	100	144	100	143	100	143	100		
<u>Kinderprogramme</u>												
Luister baie	57	55	19	18	69	48	16	11	70	48	0,991	0,003
Luister af en toe/Nooit	47	45	86	82	76	52	130	89	76	52		
TOTAAL	104	100	105	100	145	100	146	100	146	100		
<u>Jeugprogramme</u>												
Luister baie	76	73	49	47	115	79	50	34	89	61	0,991	10,831***
Luister af en toe/Nooit	28	27	56	53	30	21	96	66	57	39		
TOTAAL	104	100	105	100	145	100	146	100	146	100		
<u>Boekvoorlesing</u>												
Luister baie	12	12	8	8	22	15	9	6	15	10	0,451	1,316
Luister af en toe/Nooit	91	88	97	92	120	85	137	94	131	90		
TOTAAL	103	100	105	100	142	100	146	100	146	100		
<u>Weervoorspelling en Reënval- verslag</u>												
Luister baie	28	27	33	31	34	24	46	32	39	27	0,172	0,193
Luister af en toe/Nooit	76	73	72	69	109	76	100	68	107	73		
TOTAAL	104	100	105	100	143	100	146	100	146	100		
<u>Noodberigte</u>												
Luister baie	24	23	29	28	31	22	20	14	13	9	0,018	8,022**
Luister af en toe/Nooit	80	77	76	72	113	78	126	86	133	91		
TOTAAL	104	100	105	100	144	100	146	100	146	100		

TABEL 2 (vervolg)

Radioprogramsoorte en response	Getal meisies										Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep					Eksperimentele groep					Eksperimentele groep 1974 teenoor Kontrole- groep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teenoor Eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
<u>Sportprogramme</u>												
Luister baie	34	33	30	29	64	44	59	40	65	45	3,015	0,011
Luister af en toe/Nooit	70	67	75	71	80	56	87	60	81	55		
TOTAAL	104	100	105	100	144	100	146	100	146	100		
<u>Letterkundige programme</u>												
Luister baie	6	6	0	0	12	8	7	5	15	10	0,270	0,134
Luister af en toe/Nooit	98	94	105	100	132	92	139	95	131	90		
TOTAAL	104	100	105	100	144	100	146	100	146	100		
<u>Verhale en vervolghere</u>												
Luister baie	76	73	70	67	120	83	89	61	98	67	2,835	8,65**
Luister af en toe/Nooit	28	27	35	33	25	17	57	39	48	33		
TOTAAL	104	100	105	100	145	100	146	100	146	100		
<u>Vermaaklikheidsprogramme</u>												
Luister baie	57	55	60	58	82	57	67	46	64	44	0,015	4,473*
Luister af en toe/Nooit	46	45	44	42	62	43	79	54	82	56		
TOTAAL	103	100	104	100	144	100	146	100	146	100		
<u>Vasvrapprogramme</u>												
Luister baie	57	55	35	33	73	51	47	32	79	54	0,350	0,216
Luister af en toe/Nooit	46	45	70	67	71	49	99	68	67	46		
TOTAAL	103	100	105	100	144	100	146	100	146	100		
<u>Wedstrydprogramme</u>												
Luister baie	46	44	30	29	68	48	43	29	66	45	0,150	0,08
Luister af en toe/Nooit	58	56	75	71	75	52	103	71	80	55		
TOTAAL	104	100	105	100	143	100	146	100	146	100		
<u>Skooluitsendings</u>												
Luister baie	31	30	16	15	28	19	13	9	34	23	3,028	0,470
Luister af en toe/Nooit	73	70	89	85	116	81	132	91	111	77		
TOTAAL	104	100	105	100	144	100	145	100	145	100		
<u>Versoekprogramme</u>												
Luister baie	84	81	91	88	111	78	125	86	114	79	0,194	0,004
Luister af en toe/Nooit	20	19	12	12	32	22	20	14	31	21		
TOTAAL	104	100	103	100	143	100	145	100	145	100		
<u>Programaankondigings</u>												
Luister baie	11	11	17	16	21	15	14	10	6	4	0,574	8,332**
Luister af en toe/Nooit	93	89	87	84	122	85	132	90	140	96		
TOTAAL	104	100	104	100	143	100	146	100	146	100		

programme, nuus, wedstrydprogramme, jeugprogramme, vermaaklikheidsprogramme, asook verhale/vervolgverhale. Nadat by die eksperimentele groep proporsioneel voorsiening gemaak is vir die normale verskuiwings wat by die kontrolegroep voorgekom het, het minder seuns in die eksperimentele groep in 1976 (aangepas) as in 1974 aangedui dat hulle "baie" na laasgenoemde programsoorte geluister het. Die afleiding wat moontlik hieruit gemaak kan word, is dat televisie meegebring het dat minder seuns "baie" na hierdie ses programsoorte geluister het.

Meisies (kyk tabel 2) se luisterpatrone is, met die uitsondering van wedstrydprogramme, by dieselfde programsoorte geraak as dié ten opsigte waarvan daar by seuns 'n invloed bevind is. Verder is daar ook by die meisies betekenisvolle verskille in die gevalle van noodberigte en programaankondigings verkry.

In al bogenoemde gevalle het televisie waarskynlik 'n daling meegebring in die aantal leerlinge wat "baie" na die betrokke programsoorte geluister het.

Uit buitelandse ondersoeke blyk dat televisie tot gevolg gehad het dat daar minder na nuus (Gonzalez, 1967, Schramm, Lyle en Parker, 1961), vermaaklikheidsprogramme (Ohara, 1952) en verhale/vervolgverhale (Himmelweit, Oppenheim en Vince, 1958) oor die radio geluister is. Ohara (1952) kon egter geen invloed ten opsigte van verhale en vervolgverhale uitwys nie, en het 'n toename in die luisterfrekwensie met betrekking tot nuus en godsdienstige programme bevind. Himmelweit, Oppenheim en Vince (1958) kon ten opsigte van die luister na sportprogramme geen invloed van televisie uitwys nie. Verder het laasgenoemde navorsers, asook Ohara (1952), aangedui dat daar 'n toename in die luisterfrekwensie by musiekprogramme voorgekom het.

### 3 DIE MATE WAARIN DAAR, NA SEKERE RADIODIENSTE GELUISTER WORD

Om vas te stel of televisie enige invloed gehad het op die mate waarin die respondente na sekere radiodienste luister, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Dui aan na watter radiodienste jy luister". Die resultate word in tabelle 3 en 4 weergegee. Die antwoorde is tot twee kategorieë herlei, naamlik "luister baie," teenoor "luister af en toe/nooit/weet nie." In sekere gevalle was die frekwensie in die "luister baie"-kategorie te laag om die nodige statistiese bewerkings moontlik te maak; naamlik die Engelse Diens, Radio Port Natal en Radio Swazi by die seuns, en Radio Port Natal by die meisies.

TABEL 3

## DUI AAN NA WATTER RADIODIENSTE JY LUISTER (SEUNS)

Radiodienste en response	Getal seuns										Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )	
	Kontrolegroep				Eksperimentele groep						Eksperimentele groep 1974 teenoor Kontrole- groep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teenoor Eksperimentele groep 1974
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
<u>Afrikaans</u>												
Luister baie	58	82	52	73	112	72	68	44	81	52	1,846	12,804***
Luister af en toe/Nooit	13	18	19	27	43	28	88	56	75	48		
TOTAAL	71	100	71	100	155	100	156	100	156	100		
<u>Springbok</u>												
Luister baie	47	67	48	68	115	75	100	65	99	64	1,177	3,801
Luister af en toe/Nooit	23	33	23	32	38	25	54	35	55	36		
TOTAAL	70	100	71	100	153	100	154	100	154	100		
<u>Radio Goeie Hoop</u>												
Luister baie	15	21	17	24	35	23	33	21	29	19	0,028	0,828
Luister af en toe/Nooit	55	79	54	76	114	77	123	79	127	81		
TOTAAL	70	100	71	100	149	100	156	100	156	100		
<u>Radio 5</u>												
Luister baie	18	25	19	27	37	24	44	28	42	27	0,0001	0,103
Luister af en toe/Nooit	53	75	52	73	114	76	113	72	115	73		
TOTAAL	71	100	71	100	151	100	157	100	157	100		

TABEL 4

## DUI AAN NA WATTER RADIODIENSTE JY LUISTER (MEISIES)

Radiodienste en response	Getal meisies									Chi-kwadraat ( $\chi^2$ )		
	Kontrolegroep				Eksperimentele groep					Eksperimentele groep 1974 teenoor Kontrole- groep 1974	Eksperimentele groep 1976 (aangepas) teenoor Eksperimentele groep 1974	
	1974		1976		1974		1976		1976 (aangepas)			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	(gv = 1)	(gv = 1)
<u>Afrikaans</u>												
Luister baie	82	80	80	78	114	79	64	44	69	47	0,001	29,326***
Luister af en toe/Nooit	21	20	25	24	31	21	82	56	77	53		
TOTAAL	103	100	105	100	145	100	146	100	146	100		
<u>Engels</u>												
Luister baie	12	12	9	9	13	9	14	10	18	12	0,13	0,433
Luister af en toe/Nooit	92	88	95	91	127	91	131	90	127	88		
TOTAAL	104	100	104	100	140	100	145	100	145	100		
<u>Springbok</u>												
Luister baie	79	77	84	80	125	87	120	83	115	80	3,592	2,025
Luister af en toe/Nooit	24	23	21	20	19	13	24	17	29	20		
TOTAAL	103	100	105	100	144	100	144	100	144	100		
<u>Radio Goeie Hoop</u>												
Luister baie	21	21	22	21	23	18	22	15	21	14	0,158	0,346
Luister af en toe/Nooit	80	79	81	79	106	82	123	85	124	86		
TOTAAL	101	100	103	100	129	100	145	100	145	100		
<u>Radio 5</u>												
Luister baie	33	32	15	15	40	28	47	32	72	50	0,3	13,346***
Luister af en toe/Nooit	70	68	88	85	103	72	98	68	73	50		
TOTAAL	103	100	103	100	143	100	145	100	145	100		
<u>Radio Swazi</u>												
Luister baie	4	4	1	1	9	6	5	3	9	6	0,311	0,033
Luister af en toe/Nooit	99	96	102	99	133	94	141	97	137	94		
TOTAAL	103	100	103	100	142	100	146	100	146	100		

Oor Radio Hoëveld kon daar nie gerapporteer word nie omdat die eksperimentele en kontrolegroepe se luistersyfers reeds voor die instelling van televisie betekenisvol van mekaar verskil het.

Die resultate dui daarop dat televisie die luistersyfers by beide geslagte met betrekking tot die Afrikaanse Diens beïnvloed het. By hierdie Diens (tabelle 3 en 4) kan die statisties betekenisvolle afname (eksperimentele groep 1974 teenoor eksperimentele groep 1976, aangepas) in die getal respondente in die "luister baie"-kategorie moontlik aan die invloed van televisie toegeskryf word.

In teenstelling met die bevindings ten opsigte van die Afrikaanse Diens het die getal meisies wat baie na Radio 5 luister 'n betekenisvolle toename getoon (eksperimentele groep 1974 teenoor eksperimentele groep 1976, aangepas).

#### 4.4 DIE TYE EN DAE WAAROP DAAR NA DIE RADIO GELUISTER WORD

Die radioluisterfrekwensies van seuns en meisies op sekere tye gedurende weekdae en oor naweke word in tabelle 5 tot 10 beskryf.

Daar is bevind dat televisie op weekdae tussen 18h00 en 23h00 by seuns en tussen 18h00 en 21h00 by meisies 'n remmende invloed op die radioluistersyfers gehad het (tabelle 5 en 6). Gedurende die tydperk 16h00 tot 18h00 het daar egter by die seuns in die eksperimentele groep 'n statisties betekenisvolle toename plaasgevind. Hierdie verskuiwings kan moontlik aan televisie toegeskryf word, veral as daarop gelet word dat televisie-uitsendings saans gedurende die week om 18h00 'n aanvang geneem het.

